EIKESTAD NASORG

Januarie 2021

Liewe Nasorgouers

Betaling van Nasorggelde 2021

Eikestad Nasorg se maandelikse Nasorggeld van **R900** is betaalbaar vir elke leerling. Betalings hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings/voorwaardes:

Beide die vader en moeder (waar van toepassing), asook enige voog van elke leerling is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van Nasorggelde.

- Betaling geskied oor 11 maande van die jaar, maw vanaf Januarie tot November. **LW U betaal nie vir Desember nie, maar wel vir Januarie.**
- Gelde is stiptelik vooruitbetaalbaar en voor die 5de van elke maand. Voorbeeld: Indien u vir Januarie betaal moet die gelde voor/op die 5de Januarie betaal word.
- Gelde kan op die volgende maniere betaal word:
- Kontant
- EFT (U kind se naam moet asb as verwysing dien)
  Bankbesonderhede: ABSA
  Rekeningnommer: 9120689238
- Gelde vir Vakansiesorg is addisioneel tot maandelikse fooie. Dit is R50,00 per dag per kind en is vooruitbetaalbaar. Indien u kind se Nasorggelde agterstallig is, sal u kind nie by Vakansiesorg toegelaat word nie.
- Inligting is ook op www.eike.co.za onder "nasorg" beskikbaar.

Indien u nie voor/op die 5de van elke maand betaal nie, word u betalings as agterstallig beskou. Indien u enige ander reëlings ivm betaling tref, moet u dit asb nakom en by u ooreenkoms hou.

Die volgende stappe sal gevolg word om agterstallige gelde in te vorder:

- U kind sal nie verder in die Nasorg toegelaat word nie.
- U sal oorhandig word aan prokureurs om agterstallige gelde in te vorder.
- Uself sal verantwoordelik gehou word vir invorderingskostes – insluitende prokureursfooie.

U moet ook 'n **kwartaal** kennis gee indien u kind/kinders nie meer van die Nasorgdienste gebruik gaan maak nie.

EK VERSOEK U VRIENDELIK OM DIE VORM TE ONDERTEKEN EN DADELIK TERUG TE STUUR.

Baie dankie
Nicola van der Merwe

Skeur af en stuur asb dadelik terug

Ek onderneem om my kind/kinders _____ se Nasorggelde voor/op die 5de van elke maand te betaal.

Handtekening van ouer: _____

Datum: _____ Selnommer: _____